11 JUNIE 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir Noord-Amerika

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Fokus op Afrika: Egipte
- VSA: aanplantingsvordering

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Produsentelewerings

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Nuus
Nasionale- en Internasionale nuus

Prys-risikobestuur
Minimum/Maksimum opsie-strategie

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Droë en koue weer word vandeesweek vir Suid-Afrika voorspel. Daar word egter reën vir die Wes-Kaap voorspel, maar dit sal geen negatiewe impak op die graanmark hê nie.

INTERNASIONALE

WEER

Noord-Amerika:

Die nuutste maandelikse weervooruitsigte vir die VSA dui steeds op hoë temperature en onder-gemiddelde reënval vir Junie 2020.

Die droë, warm weer wat in die vooruitsig is, sal die nuut-aangeplante graan onder druk plaas en opbrengste verlaag.





INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	JUL ’20	SEP ’20	DES ’20	MAR '21
PMB-invoerpariteit	R3 236	R3 368	R3 500	R3 552
Kaap-invoerpariteit	R2 975	R3 097	R3 167	R3 232
SAFEX geelmielies	R2 558	R2 608	R2 688	R2 715
Uitvoerpariteit	R2 467	R2 487	R2 538	R2 641

Internasionale

LANDBOU

FOKUS: Egipte

Mielies:

Bron: AMIS



	2018/19	2019/20-skatting	2020/21-vooruitskatting
Totale aanbod	17,8	18,55	19,3
Beginvoorraad	1,6	1,4	1,8
Produksie	7,3	7,45	7,5
Invoere	8,9	9,7	10
Totale verbruik	17,8	18,55	19,3
Plaaslike verbruik	16,4	16,75	17,45
Voedsel	4,15	4,2	4,25
Diereverbruik	11,65	11,95	12,6
Ander	0,6	0,6	0,6
Uitvoere	0	0	-
Eindvoorraad	1,4	1,8	1,5

Internasionale

LANDBOU

VSA: Aanplantingsvordering soos op 08 Junie 2020

Mielies:	Vorige jaar = 78%	
	Vorige week = 93%	
	Huidige week = 97%	
	5-jaar gemiddeld = 94%	
Sojabone:		Vorige jaar = 54%
		Vorige week = 75%
		Huidige week = 86%
		5-jaar gemiddeld = 79%

PLAASLIKE

LANDBOU

2020/21 seisoen

Witmielies

- Uitvoer = 95 617 t
- Vorige week = 24 275 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 103 317 t
- Vorige week = 33 461 t
- Invoer = 0 t
- Vorige week = 0 t



PLAASLIKE

LANDBOU

Kumulatiewe oliesade-produsentelewerings soos op 05 Junie





PLAASLIKE

LANDBOU

Kumulatiewe mielie-produsentelewerings soos op 05 Junie





WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die rand het teen laat Donderdagmiddag, 11 Junie, weer bo die vlak van R17,00 gestyg, nadat die Suid-Afrikaanse geldeenheid in die afgelope week konstant onder die weerstandsplafon van R17,00 verhandel het en selfs R16,40 teenoor die VSA dollar bereik het. Die wisselkoers kan toegeskryf word aan die somber ekonomiese vooruitsigte in Amerika, wat die wêreldekonomie onder druk plaas.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Zambië en Suid-Afrika hou internasionale spelers uit Afrika

Daar is sommige lande in Afrika, soos Kenia en Zimbabwe, wat weereens in die huidige invoerjaar mielies sal moet invoer. Dit is toe te skryf aan ‘n afname in produksie en ‘n toename in totale vraag. In Zimbabwe was die totale produksie slegs 907 000 ton. Dit is aansienlik minder as die land se jaarlikse verbruik wat op 2 miljoen ton staan. Dit beteken dat die land meer as 1 miljoen ton sal moet invoer om die tekort aan te vul. Sowel Suid-Afrika as Zambië het baie goeie oeste gehad en is dus in ‘n goeie posisie om aan die behoefte te voldoen, en uitvoergeleenthede weg te raap van tradisionele verskaffers soos Brasilië, die VSA en die Oekraïene.

Lees meer by:
https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/columnists/2020-06-09-wandile-sihlobo-sa-and-zambia-able-to-replace-global-producers-maize-exports-to-neighbours/

Mening:
Uitvoere na ons buurlande sal plaaslike graanpryse ondersteun en die mieliebalansstaat verklein.

Skaapvleispryse in die Oos-Kaap kan onder druk kom

Die Oos-Londense lewendehawe-uitvoermaatskappy, Al Mawashi, is deur ‘n interdik, ingedien deur die Dierebeskermings-vereniging (DBV), gedwing om alle uitvoere van lewende hawe tydelik te staak. Die verskeping van meer as 72 000 skape wat vir die Midde-Ooste bestem was, word hierdeur geraak. Volgens Agri Oos-Kaap sal die vraag na die produk daal, wat pryse negatief sal affekteer.

Die DBV beoog om die uitvoer van lewende hawe permanent stop te sit, wat ‘n groot ekonomiese impak op die Oos-Kaapse landbousektor sal hê.

Lees meer by:
https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/oos-kaap-al-mawashi-interdik-kan-skaapvleispryse-beinvloed-20200611

Mening:
Indien die uitvoere van lewende hawe permanent tot stilstand gebring word, sal plaaslike vleispryse daal, wat produsente onder hewige druk sal plaas.

Seisoenale weervooruitsig

Die El Nino-Suidelike Ossillasie dui op ‘n swak El Nino-sisteem, wat neig na neutraal vir Junie - September. Dié sisteem beteken dat daar oor die volgende paar maande min reën oor Suid-Afrika sal voorkom. Die multi-model, wat reënval vir middel-winter asook laat-winter voorspel, dui daarop dat bo-gemiddelde reënval oor die suid-westelike dele asook die weste van die land kan voorkom, terwyl die res van Suid-Afrika droë en koue weer kan ervaar. Onder-normale minimumtemperature word veral vir die noord-ooste van die land voorspel.

Mening:
Goeie reënval in die suide en weste van die land sal die wintergraan ondersteun en produksie verhoog.

OPSOMMING

- Droë, warm weer in die VSA sal die nuut-aangeplante graan onder druk plaas, wat CBOT-pryse asook plaaslike SAFEX-pryse sal ondersteun.

- Slegs 85% van Suid-Afrika se sojaboon-produsentelewerings is reeds gelewer, en die akkuraatheid van die NOK se produksieskattings word nou betwyfel.

- Die rand verhandel swakker weens swak wêreldwye ekonomiese prestasie, wat plaaslike graanpryse sal ondersteun.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Wat is ‘n lang verkoopopsie (“put opsie”)?
Die koper van 'n verkoopopsie koop die reg om voor die vervaldatum ‘n lang verkoopopsie teen ‘n vasgestelde trefprys (“strike price”) uit te oefen. Om die opsie te koop, betaal die koper ‘n premie.

Wanneer is die beste tyd om ‘n lang koopopsie-strategie uit te oefen?
Die beste tyd om ‘n koopopsie uit te oefen, is wanneer die koper van ‘n koopopsie glo die graanprys het ‘n hoogtepunt bereik, en verwag dat die markprys oor die lang termyn sal daal. Die koper sal dus geld verdien indien die graanprys laer as die vasgestelde trefprys verhandel.

Wat as die graanprys op vervaldag hoër as die vasgestelde trefprys sluit?
Indien die graanprys egter hoër as die trefprys is, verbeur die opsiekoper die premie waarteen die verkoopopsie aangekoop is.

Strategiekoste
Die koste van die verkoopopsie is afhanklik van die vlak waarteen die opsie aangekoop is.

Voorbeeld
Indien **koper A** sy graan teen ‘n trefprys van R2 460/t vasmaak en die verkoopopsie aankoop teen ’n premie van R155/t, en die graanprys daal tot R2 200/t, sal die koper geld maak deur die verkoopopsie uit te oefen.

Die koper maak dan ‘n wins van R260/t (R2 460-R2 200=R260/t) wanneer hy sy koopopsie uitoefen. Na aftrekking van die R155/t premie is die nettowins R 105/t (R260 - R155= R 105/t).

Sou die trefpys hoër wees as die koopopsie van R155/t, byvoorbeed R2 300/t, sal die lang koopopsie verval en die enigste koste vir die koper sal die koopopsiepremie van R155/t wees.

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS



RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: 24 Samora Machelstraat,
Middelburg, Mpumalanga